# GETUIES VAN DIE GOEIE NUUS

Romeine 3:9-26

9 Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter
as die ander? Glad nie, want ons het al bewys
dat Jode en nie-Jode almal in die mag van die
sonde is. 10 Daar staan immers geskrywe: “Daar is
nie een wat regverdig is nie,
selfs nie een nie. 11 Daar is nie een wat verstandig
is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra
nie. 12 “Almal het afgedwaal, almal het ontaard.
Daar is nie een wat goed doen nie,
selfs nie een nie. 13 “Hulle keel is ’n oop graf,
met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe
kom woorde so giftig soos slange. 14 Hulle mond
is vol vervloeking en bitterheid. 15 “Hulle voete is
vinnig om bloed te vergiet. 16 Hulle laat ’n spoor
van verwoesting en ellende agter. 17 Die pad van
vrede het hulle nie leer ken nie. 18 Ontsag vir God
het hulle nie.”

**ROMEINE 3:9-26**

19 Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy
vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan
verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig
voor God. 20 Daarom sal geen mens op grond
van wetsonderhouding deur God vrygespreek
word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens
wat sonde is.
21 Maar nou het die vryspraak deur God waarvan
die wet en die profete getuig, in werking getree.
Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die
wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus
Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid
aan almal wat glo. 23 Almal het gesondig, en het
nie deel aan die heerlikheid van God nie, 24 maar
hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op
grond van sy genade vrygespreek vanweë die
verlossing deur Jesus Christus.

**ROMEINE 3:9-26**

25–26 Hom het God gegee as offer wat deur sy
bloed versoening bewerk het vir dié wat glo.
Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak
behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy
verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het,
vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy
vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy
oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek
wat in Jesus glo.

ROMEINE 3:9-26

20 Toe julle slawe van die sonde was, was julle nie
in diens van God nie. 21 Wat was die vrug wat dié
dinge waaroor julle nou skaam kry, toé vir julle
opgelewer het? Die uiteinde van dié dinge is die
dood. 22 Maar nou—julle is vrygemaak van die
sonde en in diens van God gestel en die vrug
daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde
is die ewige lewe. 23 Die loon wat die sonde gee,
is die dood; die genadegawe wat God gee, is
die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

**ROMEINE 6:20-23**

# 1 JOHANNES 1:8

8 As ons beweer dat ons nie
sonde het nie, bedrieg ons
onsself en is die waarheid nie
in ons nie.

# ONS SONDE

1. Almal het gesondig
2. Sonde = Dood

Erken jou sonde en dat jy 'n verlosser nodig het!

# 2 KOR 5:21

21 Christus was sonder sonde,
maar God het Hom in ons plek
as sondaar behandel sodat
ons, deur ons eenheid met
Christus, deur God
vrygespreek kan wees.

# JESUS SE BLOED

1. Jesus het aan die kruis gesterf
2. Hy het jou straf gedra!
3. Sy bloed het vir jou gevloei

Glo dat Hy ook vir jou gesterf het en vra Hom om in jou te kom woon deur sy Gees

# JESAJA 1:18

18Kom tog, laat ons die saak
met mekaar uitmaak, sê die
Here: Al was julle skarlakenrooi
van sonde, julle sal wit word
soos sneeu. Al was julle
purperrooi, julle sal wit word
soos wol.

# 1 JOHANNES 1:9

9 Maar as ons ons sondes
bely—Hy is getrou en
regverdig, Hy vergewe ons
ons sondes en reinig ons van
alle ongeregtigheid.

# WAS ONS SKOON

1. Sy bloed was ons skoon
2. Hy vergewe ons sondes
3. Ons kan “sonder sonde” voor God staan

Vra die Here om skoon te maak en al jou sondes te vergewe

# JOHANNES 1:12-13

12 Maar aan almal wat Hom
aangeneem het, dié wat in
Hom glo, het Hy die reg gegee
om kinders van God te word.
13 Hulle is dit nie van nature nie,
nie deur die drang van ’n
mens of die besluit van ’n man
nie, maar hulle is uit God
gebore.

# KIND VAN GOD!

1. Nou is ek ‘n Kind van God!
2. ‘n KONINGSKIND
3. Ek deel in die erfenis
4. Ek HET die Ewige Lewe

Loof die Here vir sy genade!

# HEBR 5:12-14

12 Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds
onderrig behoort te gee, het julle weer
nodig dat iemand julle in die
grondwaarhede van die woord van God
moet onderrig. ’n Mens moet julle met melk
voed en nie met vaste kos nie. 13 Iemand
wat nog van melk lewe, kan nie saampraat
oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is
nog ’n kind. 14 Vaste kos is vir grootmense,
vir mense wat oor insig beskik en wat deur
ervaring geoefen is om tussen goed en
kwaad te onderskei.

# EFES 4:13-16

13 So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike
eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun
van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ’n volgroeide mens
wees, so volmaak en volwasse soos Christus. 14 Dan sal
ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos
golwe op en af en heen en weer geslinger word deur
elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle
slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.
15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle
opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,
16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende
liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ’n eenheid.
Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die
liggaam homself op in liefde.

# JOHANNES 15:4-8

4 Julle moet in My bly en Ek in julle. ’n Loot kan nie
uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok
bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.
5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly
en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan
julle niks doen nie. 6 As iemand nie in My bly nie,
word hy weggegooi soos ’n loot en hy verdroog.
Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in
die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in My bly en my
woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle
sal dit kry. 8 My Vader word juis daardeur verheerlik
dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.”

# GROEI IN DIE GELOOF

1. Ek moet groei in my geloof
2. Ek moet die vrug dra van die geloof
3. Ek moet bou aan SY Koninkryk

Lewe 'n lewe van dankbaarheid – verheerlik die Vader deur die vrugte wat jy dra!

# GETUIES VAN DIE GOEIE NUUS

*Romeine 3:9-26*